

Die Heilige Gees: Aan die werk agter die skerms



Sabbatmiddag

Leesverwysings vir hierdie week se les:

Esegiël 37:5, 9; Genesis 1:2; Job 26:13; Eksodus 31:1-5; Johannes 16:13, 14; Galasiërs 5:16-23.

Geheeteks:

“Hy sal My verheerlik, omdat Hy dit sal neem uit wat aan My behoort, en aan julle verkondig” (*Joh. 16:14*).

Die Heilige Gees geniet nie dieselfde prominente aandag in die Skrif as die Vader en die Seun nie. Nietemin vertel die Bybel ons dat die Heilige Gees teenwoordig was by betekenisvolle momente dwarsdeur die heilsgeskiedenis. Toe God hierdie wêreld aan die begin geskep het, was Hy saam aan die werk, maar merendeels in die agtergrond. Hy was aktief betrokke by die inspirasie van God se profete, en het daarom ‘n sleutelrol gespeel in die opskryf van God se Woord. Hy was ook betrokke by die vleeswording van Jesus Christus in Maria se baarmoeder. En tog is Hy nie die middelpunt van die bybelse optekening nie, en ken ons verstommend min van Hom. Hy bly op die agtergrond, juis omrede sy taak een is wat die werk van Iemand anders in die Godheid – Jesus, die Seun van God – bevorder, en om heerlikheid te gee aan God die Vader. Alles werk saam, sodat die gevalle mensdom gered kan word van die ewige dood, wat die sonde andersins oor hulle sou bring. Van die getuïenisse uit die Skrif leer ons dat die Heilige Gees gewilliglik en genadiglik ‘n rol aanneem van ondersteuning, hulpverlening, onderhouding, en toerusting – alles agter die skerms. Ongeag of dit in die skepping of verlossing of sending is, Hy verlang nie daarna om in die kollig te staan nie, al is sy rol hoe belangrik.

**Bestudeer hierdie week se les as voorbereiding vir Sabbat 14 Januarie.*

Die ontwykendheid van die Heilige Gees

Lees Johannes 3:3-8 en Esegïel 37:5, 9. **Waarom is die wind ‘n gepaste beeld vir die misterieuse werking van die Heilige Gees?**

Deur die Heilige Gees se optrede met die wind te vergelyk, beskryf Jesus die Gees se ontwykendheid. Die bewegings van die wind het iets misterieus aangaande hulle. Dit is moeilik om met akkuraatheid vas te stel vanwaar die wind kom en waarheen dit gaan. Wie was nog nooit verbaas oor die skielike opsteek van ‘n wind vanuit oënskynlik nêrens nie? En tog kan ons leer om meer bekend te raak met die wind as ons eers sy bewegings en patrone vasgestel het. Op ‘n soortgelyke wyse is die Heilige Gees aktief waar Hy wil wees. Niemand kan Hom beheer nie. Tog kan ons weet waar Hy werksaam en aktief is. Net soos die wind, is die Heilige Gees onsigbaar, maar kan dit net so kragtig wees. Ons kan natuurlik die teenwoordigheid van die wind voel, en dikwels die effek daarvan sien, al kan ons nie die wind self sien nie. Die wind kan kragtig wees, van ‘n ligte briesie tot dodelike stormwinde. Wanneer die Heilige Gees as wind beskryf word, word sy aktiwiteite in verband gebring met die idee dat dit lewe aan die dooies bring. Dit veronderstel ‘n krag met die grootste mag, iets wat slegs God in staat is om uit te voer.

Hoe hierdie dinge gebeur, bly ‘n geheimenis. God en sy werkinge deur die Heilige Gees is groter as wat ons ooit ten volle kan begryp, net soos wat daar ook talle ander onverstaanbare sekulêre en heilige dinge is. Dit beteken egter nie dat ons nooit kan weet wat die Heilige Gees vermag nie. Maar ons moet erken dat die gepaste deug in ons handeling met goddelike misteries nederigheid sal wees. Nederigheid het waardering vir die grootheid van God en erken ook ons skepsels se beperkte mag. Dit aanvaar ons behoefte aan ‘n goddelike openbaring.

Ellen G. White het tereg verklaar: “die verborgenhede van die Bybel [is] die sterkste bewys vir die Goddelike ingewing daarvan. As dit geen verslag van God bevat het behalwe wat ons kon verstaan nie; as Sy grootheid en majesteit deur beperkte verstande begryp kon word, sou die Bybel nie, soos tans, die onmiskenbare waarmerke van Goddelikheid bevat het nie.”—Ellen G. White, *Opvoeding*, p. 170.

Watter onsienlike magte in die natuur kan ‘n impak op ons lewens hê? Wat leer dit ons oor die realiteit van onsienlike, maar tog kragtige, invloede in ons wêreld?

Die Heilige Gees by die skepping

Die heel eerste groot werk van God op hierdie planeet was die skepping daarvan. Die Bybel noem baie duidelik God (*Gen. 1:1*) en Jesus Christus (*Kol. 1:16, 17*) as die Skepper van hemel en aarde en alles daarin wat ooit gemaak is (*Joh. 1:1-3*). Maar die Bybel maak ook melding van die Heilige Gees in die werk van die skepping.

Lees Genesis 1:2; Job 26:13; 33:4; Psalm 33:6; 104:29, 30. Wat is die rol van die Heilige Gees by die skepping? In watter verband staan die Gees van God tot die skep van lewe?

Die skeppingsverhaal in Genesis 1:2 meld die teenwoordigheid van God se Gees by die skepping. Job 26:13, 33:4, Psalm 104:29, 30, en Psalm 33:6 ondersteun die aktiewe rol van die Heilige Gees in die bonatuurlike skepping van die aarde. Terwyl die Bybel dit duidelik uitspel dat God die Vader en sy goddelike Seun, Jesus Christus, aktief werksaam in die skepping van die wêreld is (*lees: Jesaja 64:8; Kolossense 1:16, 17*), word die subtieler teenwoordigheid van die Heilige Gees in die bonatuurlike skepping van die aarde ook gemeld.

Hy verskyn nie as die sentrale rolspeler in die skeppingsverhaal nie. In stede daarvan “sweef” Hy oor die leegheid, en deur sy beweging is Hy teenwoordig by die oorsprong van lewe op hierdie aarde. Die Hebraeuse woord vir “sweef oor” (*merahepeth*) die oppervlakte van die waters, word in Genesis 1:2 op dieselfde wyse gebruik as in Deuteronomium 32:11, waar God vergelyk word met ‘n arend wat oor sy nes met kleintjies sweef. Die Heilige Gees is intiem betrokke by die skep van lewe op hierdie aarde en sorg vir die nutgeskape lewende wesens soos ‘n arend met sy kuikens sou doen. Psalm 104:30 suggereer dat die skeppingsdaad slegs moontlik was deur die werk van die Heilige Gees en dat Hy ‘n aktiewe rol in hierdie proses vervul het.

Die Heilige Gees was nie alleen by die skepping van hierdie aarde teenwoordig nie, maar Hy is ook aktief betrokke in ons herskepping, waar Hy ons ‘n nuwe hart en ‘n nuwe verstand gee. Hoe hou beide hierdie aktiwiteite verband met mekaar? Wat vertel die Sabbat ons oor hierdie skepping en her-skepping?

Die Heilige Gees en die heiligdom

“Ook moet hulle vir My ‘n heiligdom maak, dat Ek in hulle midde kan woon” (*Eks. 25:8*). Na die skeppingsdaad is God se verlossingsplan die primêre belang in die Bybel. Van watter nut sou die skepping in die gevalle wêreld wees sonder die verlossingsplan? As sondaars het ons nie slegs ‘n Skepper nodig nie, maar ook ‘n Redder. Hoe dankbaar behoort ons te wees dat ons so ‘n Verlosser in Jesus Christus het. Sonder Hom sou ons sonder hoop wees in ‘n wêreld wat op sigself geen verlossing aan ons kan bied nie. In die Ou Testament illustreer die heiligdom en sy diensverrigtinge God se vergifnis van sondes, en dit dien ook as ‘n voorafskaduwing van die werk van Jesus, ons Verlosser. Die verlossingsplan is hier aan die antieke Israeliete geopenbaar (*Heb. 4:2*). Ons sien dat die heiligdomsdiens vooruit wys na Jesus en sy dood vir die vergewing van sondes, terwyl die Heilige Gees uitgebeeld word waar Hy aktief besig is om spesifieke mense in staat te stel om ‘n heiligdom te bou volgens die planne (patroon) wat God aan Moses geopenbaar het.

Lees Eksodus 31:1-5. Op watter wyse was die Heilige Gees betrokke by die konstruksie van die heiligdom? Hoe het die Heilige Gees diegene bygestaan wat besig was om God se woonplek te bou?

Die Bybel vertel ons dat die Heilige Gees ook betrokke was by die oprig van die heiligdom, die sentrale plek waar versoening tussen God en die mens sou plaasvind. Dis die plek waar ‘n heilige God sondaars ontmoet. God het sy plan aan Moses getoon om ‘n aardse heiligdom te bou volgens die oorspronklike in die hemel (*Eks. 25:9, 40*).

Die heiligdom was God se model om die verlossingsplan te illustreer. God sou op ‘n baie spesiale wyse tussen sy mense woon, en dit doen Hy deur opdrag te gee om ‘n heiligdom te bou. Dit was die werk van die Heilige Gees wat die mense in staat gestel het om al die kunstige en artistieke vaardighede in te span soos God hulle beveel het om die heiligdom te versier. Sonder hierdie hulp van die Heilige Gees sou Israel nie in staat wees om hierdie artistieke vakmanskap te voltooi nie.

As ons die krag van die Heilige Gees in ag neem, het Hy beslis nie menslike hulp nodig gehad om die heiligdom te bou nie. Hy stel eerder mense in staat om met hulle vaardighede en kunstigheid te help. Hoe en waar kan jy ander mense aanmoedig en ondersteun om hulle talente in te span vir die bevordering van die koninkryk en God se heerlikheid?

Die Heilige Gees in die verheerliking van Jesus

Die Heilige Gees was werksaam gedurende die Ou Testamentiese tye, maar dit blyk dat sy werk nie so uitgebreid was soos in die Nuwe Testamentiese era nie. Met die koms van Jesus, die beloofde Messias, is die bediening deur die Heilige Gees verskerp, en Hy gee sy gawes aan alle gelowiges. Die Nuwe Testament vertel aan ons dat die Heilige Gees op talle verskillende maniere werksaam is in ons geestelike lewe, asook die lewe van die kerk. Maar dalk is sy belangrikste werk om Jesus Christus te verheerlik?

Lees Johannes 16:13, 14 en Johannes 15:26. Wat sê Jesus is die taak van die Heilige Gees? Op watter wyse is alle ander werk van die Heilige Gees aan hierdie sentrale taak verbind?

Jesus vertel ons dat die Heilige Gees nie van Homself spreek nie, maar van Jesus. Sy werk bestaan uit die verheffing van die verlossende werk van Jesus. Hy hou Homself op die agtergrond en plaas Jesus in die kalklig. Dit word tereg vermeld dat “die Gees se boodskap aan ons nooit die volgende is nie: ‘Kyk na my; luister na my; kom na my; leer my ken’. Dit is altyd ‘Kyk na Hom, en sien sy heerlikheid; luister na Hom, en hoor sy Woord; gaan na Hom, en verkry lewe; leer Hom ken, en smaak sy gawe van blydschap en vrede.’ Die Gees, kan ons sê, is die koppelaar*, die hemelse huweliksmakelaar, wie se rol dit is om Christus en ons bymekaar uit te bring en te verseker dat ons bymekaar bly.”—J. I. Packer, *Keep in Step With the Spirit: Finding Fullness in Our Walk with God*, revised and enlarged edition (Grand Rapids: Baker Books, 2005), pp. 57, 58. (* in ‘n goeie sin, die Engelse woord hier was *matchmaker* – vertaler.) Dis uiters betekenisvol. Enige beklemtoning van die werk van die Heilige Gees wat afbreuk doen aan die Persoon en die werk van Jesus Christus, is nie van die Heilige Gees nie. So belangrik as wat die Heilige Gees vir ons geestelike lewe is, behoort Hy nooit alleen die plek in te neem van ons denke en van Jesus Christus aan wie ons alleenlik ons verlossing te danke het nie. Waar ook al Jesus verhoog word, is die Heilige Gees aan die werk. Daarom word ons Christene genoem, ons is volgelinge van Christus (*vergelyk Handeling 11:26*), eerder as “Pneumiane”, volgelinge van die Gees (lees Graham A. Cole, *He Who Gives Life: The Doctrine of the Holy Spirit* [Wheaton, Ill.: Crossways Books, 2007], p. 284).

Waarom is dit so belangrik vir ons om die verrese Here in alles wat ons doen, te verhef? Dink aan alles wat Jesus vir ons gedoen het. Ons is alles aan Hom verskuldig. En hoe kan ons ons dankbaarheid betoon? (Lees as voorbeelde: 2 Tess. 1:11, 12).

Die Heilige Gees en Christus

Die Heilige Gees het die vleeswording van Jesus bewerkstellig (*Lukas 1:34, 35*). Hy het Jesus gesalf vir sy sending (*Lukas 3:21, 22*). Die salwing van Jesus het Hom met krag beklee om sy Messiaanse opdrag te vervul en Hom gekwalifiseer om die Heilige Gees op sy dissipels uit te stort. Die Heilige Gees het vir Jesus gerig en onderhou tydens die versoekinge in die woestyn (*Markus 1:12; Matteus 4:1; Lukas 4:1, 2, 14*) sodat Jesus “dié [kan] help wat versoek word” (*Heb. 2:18; vergelyk dit met Heb. 4:15 en 16*). Die Heilige Gees het Jesus bemagtig vir hierdie verlossingswerk (*Heb. 9:14*) en het Jesus se opstanding moontlik gemaak (*1 Pet. 3:18*). Tydens al hierdie dinge bly die Heilige Gees op die agtergrond, en help Hy om Jesus na vore te bring.

Lees *Lukas 24:44-49; Galasiërs 5:16-23; en Efesiërs 4:23, 24*. **Wat leer ons hier van die werk van die Heilige Gees? Hoe word Jesus deur die Heilige Gees verheerlik?**

Die Heilige Gees verheerlik Jesus op ten minste die volgende wyses:

1. Deur Hom te onderrig in die Heilige Skrifte op ‘n vertroubare en geloofwaardige manier. Niks wat nodig is vir ons om van Christus en sy verlossingsplan te weet, is uitgelaat of misleidend nie. Alles staan daar in die Woord van God, as ons dit maar net sou lees in geloof en met onderdanigheid.
2. Deur mense nader te trek in ‘n verlossende verhouding met Jesus Christus. Die Heilige Gees werk sagkens in op mense se harte en verstande. Hy bied aan hulle die begrip sodat hulle geestelike dinge kan verstaan en sodat hulle gewillig sal wees om hulle vertroue in Jesus Christus te plaas en Hom aan te neem as hulle Leier en Verlosser.
3. Deur Christus se karakter in ons te reproduseer. Sodoende bring Hy die Christelike waardes tot lewe in ons (*Gal. 5:22, 23*). Deur die bloed van Jesus word ons die oorwinning oor sonde gegee (*vergelyk Openbaring 12:11*) en word ons deur die Heilige Gees in staat gestel om in getrouheid met God se Tien Gebooie te wandel.
4. Deur ons die vermoë te gee om ‘n lewe soos Christus te lei, onselfsugtig, en liefdevol in diens tot ander. Hy roep manne en vroue tot God op vir spesifieke take, en rus hulle toe om na ander uit te reik op ‘n aantreklike wyse in die Gees van God.

Hoe bring ons lewens eer en verheerliking aan die Vader wanneer die karakter van Christus in ons lewens gereproduseer word?

Verdere leeswerk:

Daar is geen kwessie nie, die werk van die Heilige Gees is noodsaaklik vir ons wandeling met die Here. Dalk sien ons nie op watter wyse Hy werksaam is nie, maar ons kan die uitwerking van sy werk in ons lewens en die lewens van ander raaksien. As jou lewe verander is deur geloof in Jesus, is dit verander slegs deur die werking van die Heilige Gees in jou lewe. “Al is die wind self onsigbaar, kan sy uitwerking gevoel en gesien word. So sal die werking van die Gees op die siel hom openbaar in elke daad van die een wat sy reddende krag ondervind het. As die Gees van God van die hart besit neem, herskep Hy die lewe. Sondige gedagtes word verban, bose daade versaak; liefde, nederigheid en vrede vervang woede, afguns en veglus. Vreugde vervang droefheid en die gelaat straal van die hemelse lig.” — Ellen G. White, *Die Koning van die Eeue*, p. 173. Hoe wonderlik is hierdie beloftes nie, en ‘n ontelbare aantal lewens is bewys van hoe werklik hulle wel is! Maar die werk van die Heilige Gees is nie oombliklik nie. Ons word nie outomaties die soort mense wat ons veronderstel is om te wees nie. ‘n Lewe van geloof en oorgawe aan die Here is ‘n lewe van stryd, van oorgawe, en van berou wanneer ons faal. Die Heilige Gees is die Goddelike Werktuig wat in ons lewens werksaam is om ons nuwe skepsels in Christus te maak. Dit is die werk van ‘n leeftyd. Al spoor ons foute en swakhede ons aan om ‘n groter oorgawe aan ons Here te maak, moet ons nie die duivel toelaat om dit te gebruik om ons te ontmoedig in ons Christelike lewe nie, want hy is altyd gretig om dit te laat gebeur. Wanneer ons onself verwyf oor ons sondes, moet ons altyd die dood van Jesus om die ontwil van sondaars voor oë hou. Dis juis omdat ons is wat ons is, sondaars met ‘n groot behoefte aan genade, dat Jesus vir ons gesterf het en ons Sy genade gee.

Vrae om te bespreek:

- 1. Wat kan die Heilige Gees se voorbeeld jou leer aangaande bediening agter die skerms? Dit is, om die werk van die Here op so ‘n wyse te doen dat baie mense nie daarvan weet nie, dit nie sien nie, of dit selfs nie waardeer nie?**
- 2. Hoe verhoog die Heilige Gees Jesus om Hom in ons fokus te plaas? Hoe kan jy Jesus verhoog sonder om jousef as die middelpunt van belangstelling te plaas? Waarom is dit somtyds so moeilik om te doen? Hoe kan ons die natuurlike drang van selfverheerliking beveg?**

